Wolkskool-handleiding vir ouers

Maart 2021

Welkom by Die Wolkskool!

Beste ouer

Jou kind en al sy/haar klasmaats kry toegang tot Die Wolkskool omdat hulle skool 'n **Wolkskoolskool** is.

Die Wolkskool, 'n produk van die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum, is ‘n aanlyn leerplatform vir Gr. 1 – 12 leerders, met kernlesse in video-formaat, aanlyn assesserings, werkkaarte en aflaaibare werkboeke wat leerders in hul eie tyd, vanaf enige plek en teen hul eie pas aanvullend tot skoolonderrig kan deurwerk. Dit sluit dus aan by nuwe, moderne, wêreldgehalte onderwysinisiatiewe wat leerders toerus vir die 21ste eeu.

Hierdie handleiding bevat alles wat jy as ouer nodig het om jou kind se profiel reg te kry en Die Wolkskool doeltreffend te gebruik. Indien jy enige verdere probleme ondervind, kan jy gerus jou skool se **Wolkskoolverteenwoordiger** skakel.

Webblaaiers

'n **Webblaaier** (“browser”) is 'n program (toepassing of *app*) wat jou toelaat om deur middel van soekenjins (soos Google en Bing) op die Wêreldwye Web rond te blaai. 'n **URL** is 'n unieke adres wat jou na 'n spesifieke webblad op die WWW sal neem.

Voorbeelde van webblaaiers wat algemeen gebruik word, is: Google Chrome, Microsoft Edge, Internet Explorer, Mozilla Firefox, Safari.

Gebruik altyd Google Chrome as jy Die Wolkskool besoek.

Indien jy nie Google Chrome op jou rekenaar het nie, laai dit hier af.

012 612 0234
wolkskool@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

Hierdie is hoe 'n webblad in Google Chrome op 'n rekenaar en slimfoon sal vertoon:





012 612 0234
wolkskool@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

Skep 'n nuwe profiel

Elkeen van jou kinders, benodig hul eie profiel. Indien jy 'n onderwyser is, benodig jy ook 'n aparte profiel.

Indien jou kind nog glad nie 'n Wolkskoolprofiel het nie, kan jy die volgende stappe volg:

Stap 1. Sluit hier aan: https://wolkskool.co.za/sluit-aan

Stap 2. Kies **leerder**

Stap 3. Verskaf die leerder se naam, van, **e-posadres*** en wagwoord (die wagwoord moet minstens 8 karakters lank wees)

> ***Elke leerder wat registreer, moet 'n unieke e-posadres of e-pos-alias hê.**
> Indien jou kinders nie elk hul eie e-posadresse het nie, kan jy 'n e-posalias gebruik:
> Gestel jou e-posadres is kiewiet@gmail.com en jou kind se naam is Kuiken, dan kan jy jou e-posadres manipuleer dat dit anders lyk, maar steeds geldig is sonder om 'n nuwe adres te skep, bv.
> **Ouer se e-posadres:** kiewiet@gmail.com
> **E-pos-alias vir kind se profiel:** kiewiet+kuiken@gmail.com
> Alles na die "+" en voor die "@" word deur die stelsels geïgnoreer en kommunikasie van die profiel in jou inmandjie (kiewiet@gmail.com) beland.

Stap 4. Vul al die besonderhede korrek in by die skerms wat volg. **Gebruik jou kind se ID-nommer (soos op die geboortesertifikaat) by stap 2 van die inligting.**

Stap 5. Kies jou kind se graad (jy kan dit later weer verander)

As jy meer as een profiel wil skep, gaan na jou profiel se besonderhede en kies **Teken Uit** voordat jy weer die stappe herhaal. Jy kan meer as een e-posalias skep.



012 612 0234
wolkskool@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

Teken in by 'n bestaande profiel

Indien jou kind reeds 'n Wolkskoolprofiel het, doen die volgende:

Stap 1. Gaan na https://wolkskool.co.za/teken-in

Stap 2. Sleutel jou kind se e-posadres (of e-posalias) en wagwoord in. Moenie “Teken in met Google” kies nie.

Stap 3. Die volgende skerm vertoon nou:



Indien die inhoud onaktief is en die profiel vir jou wys dat jou toetsperiode verval het of dat jy 'n betaling binnekort moet maak, koppel jou kind se profiel nie met ons rekords vanaf die skool nie. Dit kan wees omdat:

- Die ouer se ID-nommer of 'n verkeerde ID-nommer by die leerder se profiel gevoeg is
- Die leerder se besonderhede nog nie deur die skool bygewerk is nie (in die geval van 'n nuwe inskrywing by die skool)

Stuur asseblief 'n e-pos aan wolkskool@skole.co.za met jou kind se besonderhede: naam, van, skool, e-posadres en ID-nommer. Ons sal die profiel dan met die hand koppel en verseker dat alles goed werk.

Indien die profiel se volgende betaaldatum iewers in Desember 2021 is, is die profiel suksesvol gekoppel.

Gebruik Die Wolkskool op jou slimfoon

Webblaaier

Die Wolkskool werk net so lekker op 'n slimfoon se webblaaier-toepassing, soos op 'n rekenaar.

Stap 1. Op jou slimfoon, maak die Google Chrome toepassing (*app*) oop – indien jy hom nie reeds op jou slimfoon het nie, laai hom by jou App Winkel af en installeer hom

Stap 2. Soek “Wolkskool” of tik die adres in die URL-balkie in: wolkskool.co.za

Stap 3. Kies die opsies (oranje strepies) regs bo

Stap 4. Kies **teken in**

Stap 5. Gebruik die funksionaliteite soos op 'n rekenaar



Skep 'n kortpad op jou slimfoon na Die Wolkskool

Stap 1. Maak die **Google Chrome App** op jou slimfoon oop

Stap 2. Gaan na wolkskool.co.za en teken in

Stap 3. Kies instellings (*settings*)

Stap 4. Kies “Add to Home screen”

Die Wolkskool-*app*

Die Wolkskool se mobiele toepassing/applikasie (ofte wel “app”) is tans op **Google Play Store** en **Apple App Store** beskikbaar by die volgende skakels:

- Google Play Store: http://play.google.com/store/apps/details?id=vt.wolkskool.co.za
- Apple App Store: http://apps.apple.com/za/app/wolkskool/id1552174851

Let op die volgende rakende die *app*:

- die klaskamers-funksionaliteite is nog nie op die *app* beskikbaar nie. Vir toegang tot dokumente en boodskappe in klaskamers, gebruik 'n webblaaier
- jy benodig toegang tot die Internet (WiFi of sellulêre data) om in te teken as jy die app gebruik
- jy kan lesinhoud op die app merk as gunstelinge en hierdie lesparte sal op jou tuisblad verskyn
- jy kan video’s en ander dokumente aflaai en dan aflyn daarna kyk (die video’s sal outomaties na 7 dae weer geskrap word sodat die slimfoon nie oorvol raak nie)
- indien jy probeer om lesparte af te laai en 'n foutboodskap ontvang, is dit moontlik dat die *app se* instellings jou keer om items vanaf die app af te laai. Doen die volgende om dit reg te stel:
    1. Stap 1. Gaan na jou slimfoon se instellings (*settings*)
    2. Stap 2. Kies *Apps* of die groep wat jou toelaat om die instellings van al die apps op jou slimfoon te verander
    3. Stap 3. Gaan na Die Wolkskool se app en stel die instellings sodat hy wel “storage” op jou slimfoon mag gebruik

Sluit aan by 'n klaskamer

Indien jy toegang het tot Die Wolkskool, het jy toegang tot alle vakke, video's, werkboeke, werkkaarte en assesserings wat deur Die Wolkskool opgestel is. Die klaskamers is slegs van toepassing as jou onderwyser dit opgestel het om te gebruik. Dit word byvoorbeeld deur die onderwyser gebruik om boodskappe te stuur, opdragte te gee, dokumente te deel, ens. Daardie dokumente is dan slegs toeganklik deur die betrokke klaskamer waarin dit opgestel is.

Sodra jou onderwysers registreer en die klasse se opstelling gedoen het, sal hulle 'n unieke kode met jou deel om by die klaskamer aan te sluit.

Indien jy die kode ontvang het, volg die stappe om aan te sluit by 'n klaskamer (gebruik 'n webblaaier om hierdie stap te voltooi aangesien die klaskamers nog nie op die *app* beskikbaar is nie):

Stap 1. Klik op "Sluit aan by 'n klas?"

Stap 2. Tik die klaskode in die "Unieke klaskode" teksboks (die kodes bevat slegs **kleinletters** en getalle en word saamgestel deur jou klasonderwyser)

Stap 3. Klik op "Sluit aan" – jy sal nie dadelik toegang tot die klaskamer kry nie

Stap 4. Wag vir jou onderwyser om jou aansluiting te bevestig; sodra dit gedoen is, sal die klaskamer onder jou lys van klaskamers vertoon



Gebruik klaskamers

Die leerders sal kennisgewings deur middel van e-posse ontvang vir alle aktiwiteite in klaskamers. Sien 'n voorbeeld hieronder van hoe so 'n e-pos sal lyk:



Al die klaskamers waaraan 'n leerder behoort, sal as 'n lys onder die opskrif “My Klaskamers” vertoon. Jy kan *scroll* om al hierdie klaskamers te sien indien die lys baie lank is.

Scroll deur jou muis se roller te gebruik wanneer die wyser op die lys van klaskamers is.

Indien jy nie 'n muis het nie, maar 'n *trackpad/touchpad* op 'n skootrekenaar, kan jy twee vingers (wysvinger en middelvinger) op die *trackpad* gelyk opwaarts/afwaarts beweeg om te *scroll*.

Wanneer jy 'n klaskamer oopmaak, sal jy vier oortjieblaaie sien: Boodskappe, Opdragte, Dokumente en Kalender.

Boodskappe

Onderwysers kan boodskappe aan leerders stuur. Tans kan leerders nog nie op hierdie boodskappe antwoord nie. Dit is 'n tipe digitale kennisgewingbord. Die nuutste boodskap sal bo vertoon.

Opdragte

Onderwysers kan opdragte met 'n sperdatum skeduleer en hierdie opdragte kan ingehandig word afhangende van die onderwyser se instruksies.

Indien die sperdatum verby is, sal die opdrag ‘n rooi waarskuwingsteken wys en die leerder sal nie meer op “Handig in” kan druk nie.



Opdragte wat nog ingehandig kan word, sal só lyk:

Sodra jy op “Handig in” druk, sal die volgende skerm vertoon:



012 612 0234
wolkskool@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

Sodra 'n opdrag suksesvol ingehandig is, sal die opdrag 'n oranje pyljie wys. Voor die sperdatum, kan 'n leerder dieselfde opdrag meer as een keer inhandig.

Dokumente

Onder dokumente kan 'n onderwyser lêers (video's, PDF-dokumente, prente, ensovoorts) laai wat leerders weer kan aflaai. Daar kan lêergidse (*folders*) wees met subgidse daarbinne. Die struktuur hang af van die klaskamer se onderwyser.



Jy kan 'n dokument aflaai, deur hom te kies en op "Laai af" te druk.



Kalender

Die kalender koppel direk met geskeduleerde opdragte, maar onderwysers kan ook kalenderitems skep.



Markplein

Markplein is jou as ouer se **eenstop studiewinkel.** 'n Skakel na Markplein is op Wolkskool beskikbaar.

Op Markplein kan ouers profiele skep en nuttige hulpbronne soos oefenvraestelle koop. Besoek gerus https://markplein.co.za/ vir meer inligting.

Wenke hoe om jou kind by te staan

Een van die groot voordele van Die Wolkskool is dat kinders leer hoe om selfgerig te leer. Die geheim is om as ouer met die laer grade baie betrokke te wees, 'n goeie voorbeeld te stel en geleidelik die leisels te los sodat hulle uiteindelik selfstandig en gedissiplineerd die lewe kan ingaan.

Ons plaas gereeld waardevolle wenke op https://skole.co.za/wolkskoolvrae/ om ouers hiermee te help.

Kyk veral na vrae soos:

- My kind het ingeskryf, wat nou?
- Hoe werk die assesserings, toetse, eksamens en memorandums?
- Hoe werk die werkboeke?
- Hoe sien ek my kind se vordering?

Gereelde vrae

Besoek gerus https://skole.co.za/wolkskoolvrae/ vir antwoorde op al die gereelde vrae wat ons ontvang of kontak jou skool se **Wolkskoolverteenwoordiger**.

Wolkskoolgroete

Voor v.l.n.r.: Hendrik de Kock, Lamprecht Lötter, Valentyn van der Merwe (Hoof: Innovasie), André Badenhorst

Agter v.l.n.r.: Celeste Labuschagne, Hildegard Brummer, Alida van Rooyen, Mariesa Candiotes, Charlotte Fourie, Nadia Shuttleworth